

# GETUIENIS

HARTENBOS GEMEENTE 2024

## Makhathini Ds Louwrens en Jeanne van der Westhuizen

Ds Louwrens van der Westhuizen en Vroulief Jeanne bedien sedert 2007 in die Makhathini-vlakte onder Zoeloe-sprekendes. Die gesin het in KwaNgwanase gevestig. Ds Louwrens beplan om binnekort af te tree. Belangrike verjaarsdae: Louwrens 13 Aug; Jeanne 24 Nov



E-adres: weshuis@hantam.co.za  
Tel. 0825164437

Projekkoördineerder: Vakant

## Vervolgde Christene

Ons gemeente is die afgelope 24 jaar georganiseerd betrokke by die ondersteuning van vervolgde Christene by wyse van gebeds- en

koerierreise na geslote lande, asook ondersteuning van Geopende Deure projekte soos BibliAsië, Projek 8:31, KidzAsia, YME, "Hande van Hoop", "Project Desert Light", "Walk in their



shoes", Projek Sophia (2011/12), Save Syria (2014), "12:26", 4THEM. Sien die Wêreldwaarnemingslys vir vervolgte lande en getuienisse by [www.opendoors.org.za](http://www.opendoors.org.za)

Projekkoördineerder:  
Johan Engelbrecht, tel: 082 372 672 9

## Nic & Tina Strydom Madagaskar Sending



Nic is betrokke by die opleiding en toerusting van geestelike leiers in Madagaskar en het 'n passie veral vir die Sakalava-mensegroep in dié land. Hulle bediening het in 2014 uitgebrei na werk onder die Mikea mensegroep in die Tulear gebied. Die heel eerste

kerk onder dié mensegroep is begin! Groot seën is beleef met evangelisasie, Bybelverspreiding, en die ontwikkeling van kinderklubs.

Tel. +26 13438 84336 (Mad)  
+26 3240891 98 (Mad)  
E-adres: nic@gow.org.za  
Verjaarsdae: Nic 31 Julie;  
Tina 28 Des.

Projekkoördineerder:  
Unis en Anneke Oosthuizen, tel 084 811 7501.

## Mosselbaai Gevangenis- bediening



Mosselbaai gevangenis is tans 'n rehabilitasie-sentrum vir jeugdiges onder korrektiewe toesig. Eredienste word gehou en geestelike ondersteuning word gegee aan gevangenes - ook by hulle ontslag uit die gevangenis. Ons is tans via die Gideons hier betrokke.

Projekkoördineerder: Arnold Olivier  
tel: 084 247 2734

## Hugo & Jakkie Wolmarans (AWM / Pioneers)

Hugo Wolmarans is die media-direkteur van Arab World Ministries / Pioneers in London wat 'n strategiese rol speel om die Evangelie van Jesus aan die Moslems van die Arabiese Wêreld te verkondig en om dié wat tot geloof kom, te integreer by die plaaslike kerk (indien dit bestaan!)



E-adres: [hwolmarans@wornet.org](mailto:hwolmarans@wornet.org)  
Web-adres: <https://pioneers.org>  
Tel +44 7538 417497

Verjaarsdae:  
Hugo 15 Apr, Jakkie 8 Aug, Marlena  
4 Jun, John 15 Jun.

Projekkoördineerder:  
Arnold en Annette Olivier, 082 864 7862

---

## Arbeidsbediening Pierre Lamprecht

Pierre is deel van die plaaslike arbeidsbedieningspan wat mense by hulle werkplek besoek en bedien.  
Tel: 076 0929 099



Projekkoördineerder:  
Vakant

---

## Sonskynvallei



Hierdie "Jerusalem"-projek behels o.a. hulp aan 'n kleuterskool, sokkombuis, geletterdheidsklasse en 'n nasorg-program. Die Kersboom elke jaar is ook groot getuigenisgeleentheid. Op Sondag-middae reik ons uit met kategese-ontmoetings en toebroodjies vir kinders.

Skakelpersoon:  
Ds Gerrit en Elize Malherbe, tel 083 7172 475

---

## Gideons



Die Gideons (Internasionaal) is 'n interdenominale assosiasie van Christen sakemanne en professionele beroepslui uit die Protestantse / Evangeliese kerke. Lede is verbind om die verlore nes na Christus te nooi deur persoonlike getuienisse en die verspreiding van die Bybel in meer as 190 lande in die wêreld.

Skakelpersoon:  
Arnold Olivier, tel: 084 247 2734

## Seewind bediening



'n Weeklikse erediens op 'n Dinsdag (11:00) word gehou by die Nagskuiling, waarna 'n maaltyd voorsien word. Ons benodig helpers!

Skakelpersoon:  
Jacques le Clus, tel 073 172 8424

---